

**19 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20**

**Fokusgedeelte: Matteus 16:15, 16**

**Die hartklop van ware lewe in die kerk**

Wanneer lewe ons as gemeente? Waaraan meet jy die ware lewe in die kerk van die Here? 'n Mens skrik om te hoor wat die mense vandag volgens hulle mening van 'n "lewende" gemeente verwag. Dit is so vol van die mens, so vlak, so vol vermaak, so 'n plastiek-godsdiens.

In hierdie gesprek van Jesus met sy dissipels vestig Hy hulle aandag op dit wat die kerk regtig laat lewe. Jesus begin sy gesprek met 'n vraag oor wat die mense sê wie Hy is. Uit die antwoord is dit duidelik dat daar groot verwarring onder die mense is. Skielik is die vraag egter skerper, want in 'n lewende verhouding met Jesus kan jy nie maar vaag en in die bondel bly nie. Nee, Hy sien jou raak. Hy wil jou antwoord hoor. En daarom: "Maar julle, wie, sê julle is Ek?"

Met hierdie vraag lei Jesus sy kerk tot 'n antwoord, want daarin sit die hartklop van ware lewe in die kerk. Dit is Petrus wat namens almal antwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Dit is meer as 'n antwoord, dit is 'n belydenis.

'n Christen met hierdie belydenis in sy hart is 'n Christen wat lewe. 'n Kerk wat hierdie belydenis omhels, is 'n kerk met die polsslag van ware lewe. Dit bly die groot toets vir ware lewe in die kerk (lees maar 1 Joh 4:1, 2 en die Nederlandse Geloofsbelofte, art 27).

In sy reaksie en antwoord (vs 18, 19) verseker Jesus sy kerk dat die lewe, groei en oorwinning van die kerk in die eerste plek nie van die mens afhang nie. Nee, Hy sal sy kerk uitbou en opbou. Hy sal sy kerk teen al die aanslae van die kerk bewaar. Met die geloof in die lewende Verlosser is die kerk nie 'n rollende klip in die stroom van die lewe nie, maar 'n rots wat kan vasstaan.

Hy sal sy kerk ook regeer. Daarvoor gebruik Hy geroepe mense aan wie Hy die sleutel mag gee en deur wie Hy regeer.

*Sing: Skrifbelyding 15-7:5*

*Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)*